Van dood na lewe!

5 November 2023

Ds. Willem Badenhorst
willem.badenhorst@moreleta.co.za

Inleiding

Ons word dikwels gekonfronteer met die dood. Padongelukke, vigs, aborsies en oorloë is aan die orde van die dag.
Die ander realiteit waarmee ons gekonfronteer word, is geestelike of emosionele dood.
Die vraag is: bestaan jy net of **leef** jy?
Die hoop is dat God vir jou nuwe lewe kan gee en dat mense van hulle geestelike doodsbestaan verlos kan word.

Lees saam

Skrifgedeeltes:

- Ef. 2:1
- 1 Pet. 1:1-8

Gesels saam

- Wat maak mens geestelik dood? Vergelyk Ef. 2:1
- Wat is die lewende hoop wat ons in Christus het? Vergelyk 1 Pet. 1:3-4
- Wat sê 1 Pet. 1:1-8 oor God?
- Wat leer jy oor jouself?
- Wat gaan jy doen om van jou geestelike dood ontslae te raak?

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Doen saam

Wat sê die Woord moet ek gaan doen?

1. Identifiseer die eienskappe wat jou geestelik tam maak.
2. Moedig mekaar aan om voluit te leef.
3. Onderneem om een aspek van jou geestelike lewe hierdie week te verander en kom deel dit volgende week met jou kringlede.

Bid saam

1. Bid vir die geestelike doodsheid in die kerk van Christus.
2. Bid dat die Gees nuwe lewe sal bring in Moreleta Kerk.
3. Spreek nuwe lewe oor mekaar se lewens uit.